# DIE KALENDER VOLGENS GÉN.1:14-19

Voordrag tydens die derde konsilie van die Geloftevolk van Suider Afrika – 3-6 April 2015 te Vegkop. [Hersien – Julie 2022]

## Inhoud:


| | Bladsy |
|---|---|
| **Voorwoord** | **1** |
| **I. Die Kalender** | **3** |
| ➢ **Inleidend:** | **3** |
| ➢ **Vereistes wat JHWH gestel het m.b.t. die kalender van Gen.1:14-19** | **4** |
| **1. Skeiding tussen dag en nag** | **4** |
| **2. Son en maan as Tekens vir:** | **4** |
| **A) Dae** | |
| **i) 'n Dag vauit die son se perspektief** | **4** |
| **ii) 'n Kalenderdag vanuit die son en maan se perspektief** | **5** |
| **B) Jare** | **7** |
| **i) Die Sonjaar** | **8** |
| **ii) Die Maanjaar** | **11** |
| **C) Die son en maan as tekens vir Vaste Tye:** | **17** |
| **1) Nuwejaarsdag volgens Ex.12** | **18** |
| **2) Die Sabbat as Vaste Tyd** | **18** |
| **3) Pasga as Vaste Tyd** | **20** |
| **4) Fees van Ongesuurde brode as Vaste Tyd** | **22** |
| **5) Oesfees- en Pinkster as Vaste Tyd** | **24** |
| **6) Trompettefees as Vaste Tyd** | **35** |
| **7) Die Groot Versoendag as Vaste Tyd** | **36** |
| **8) Huttefees as Vaste Tyd** | **38** |
| **II. Getuienis van hierdie kalender in die Nuwe Testament:-** | **39** |
| **a) Handelinge 20:6-7,16** | **39** |
| **b) Kolosense 2:16** | **40** |
| **c) Die Wederkoms** | **41** |
| **III. Hierdie kalender binne profetiese verband** | **42** |
| **IV. Samevattend** | **43** |
| **a) Dag en Nuwemaan** | **43** |
| **b) Sonjaar** | **44** |
| **c) Maanjaar** | **46** |
| **d) Sewendedag Sabbat en Week** | **46** |
| **e) Die Jaarlikse Feeste** | **47** |
| **V. Slot.** | **47** |


## Voorwoord

Elkeen van ons weet seker dat die Gregoriaanse kalender se datum vir Nuwejaar, 1 Januarie is. So ook weet elkeen van u dat die Christendom Christus se geboortedag herdenk op 25 Desember. U weet ook op watter dag u en u vriende en familie verjaar.

Maar weet u op watter Gregoriaanse datum **Christus gedood is** en op watter datum **Hy opgestaan het** en op watter datum **Hy opgevaar** het en op watter datum dit **Pinksterdag is?**

Nee u weet nie! Dit is baie jammer dat u soveel datums onthou, maar nie die belangrike datums m.b.t. **die belangrikste Mens wat op aarde geleef het** nie, en in Wie se Hand u toekoms is.

U moet eers na die almanak kyk om te weet wanneer dit Goeie Vrydag en Hemelvaart en Pinkster is, nie waar nie? U besef **dat dit elke jaar wissel** maar meeste mense **weet nie waarom nie**.

Die mense wat kalenders opstel maak jaarliks van die **eerste volmaan na die Maart ewening** gebruik om Christus se kruisigingsdatum mee vas te stel. Hulle gebruik die dag in Maart wanneer die dag en nag ewe lank is [Maart ewening] **en dan die eerste volmaan daarop- of daarna** en dan die eerste Vrydag wat daarop volg en koppel dan Christus se dood aan daardie **Vrydag**.

Die **rede** is omdat Christus **op die eerste volmaan** na die Maart ewening **gedood** is. Daardie dag was daardie jaar **ook 'n Vrydag** volgens die Juliaanse kalender, wat deur die Romeinse owerheid en die Joodse raad gevolg is. Dit het toe as **Goeie Vrydag** bekend geword maar sonder 'n vasgestelde Juliaans/Gregoriaanse datum. Die wisselende kruisigingsdatum van Christus **getuig van 'n ander kalender**, nl. die kalender waarvolgens **die vasgestelde tye waarvan die Bybel getuig,** gefunksioneer het. Dit is die kalender wat hiermee aan u voorstel word:

## Die Gésesis en Exodus kalender [Israel kalender]

## Die kalender volgens Gen.1:14-19.

**Gen.1:14-19** [1933/53 Afrikaanse Bybel]
14 En God [El] het gesê: Laat daar **ligte** wees aan die uitspansel van die hemel, om **skeiding** te maak tussen die **dag** en die **nag**; en laat **hulle** dien as **tekens** sowel vir **vaste tye** *[Strong's H4150]*, asook vir **dae** sowel as **jare.**
15 Laat **hulle** ook dien as ligte aan die uitspansel van die hemel om lig te gee op die aarde. En dit was so.
16 God [El] het toe die twee groot ligte gemaak: die **groot lig** om te **heers** oor die dag en die **klein lig** om te **heers** oor die nag; ook die sterre.
17 En God [El] het hulle aan die uitspansel van die hemel gestel om lig te gee op die aarde
18 en om te **heers** oor die dag en oor die nag en om **skeiding** te maak tussen die lig en die duisternis. Toe sien God [El] dat dit goed was.
19 En dit was aand en dit was môre, die vierde dag.

Hierdie woorde is die opdrag van die Almagtige, die Skepper van hemel en aarde, Wie ek as die HERE en God leer ken het, maar Wie se Naam en Titel eintlik JaHWeH en El is. Daar is nog ander opinies m.b.t. hoe Sy Naam uitgespreek kan word, maar is nie nou ter sprake nie.

Verlede jaar se konsilie [2014] het hierdie saak bespreek en besluit dat ons as volk ruimte vir mekaar sal skep en ons hemelse Vader en Verlosser sal eer met die onderskeie Name wat tans in die volk in gebruik is. Die Naam Jesus is 'n vertaling van JaHHoWShuAh, wat ook as Josua vertaal is. Die meeste dominees is hiermee vertroud en leer dit op kweekskool. Vra hul gerus.

# I. Die Kalender

## ➢ Inleidend:

**Gen.1:14-19** lê die grondslag van die kalender wat in latere hoofstukke in die Bybel aan Israel toevertrou word in wetgewing en in die daaropvolgende bestaan van die volk Israel weerspieël word.

Daar is verskeie vereistes in Gen.1:14-19 opgeteken, wat hiermee onder u aandag gebring word.

Ten eerste moet ek vir u sê dat die groot lig waarvan melding gemaak word die **son** is en dat die klein lig die **maan** is en dat die sterre ook 'n rol speel in die kalender, soos deur ons hemelse Vader in Sy skeppingsverhaal na verwys word. Vader JHWH sê die volgende hieroor deur die mond van Jeremia en die Psalm skrywer:

**Jer.31:35-36**
***35*** So sê die HERE *[JHWH]* wat die **son gee tot 'n lig oordag**, die ordeninge van **die maan en van die sterre tot 'n lig in die nag**; wat die see in beroering bring, sodat sy golwe bruis, HERE *[JHWH]* van die leërskare is sy Naam:
***36*** As hierdie **verordeninge** voor My Aangesig sal wyk, spreek JHWH [die HERE], dan sal die nageslag van Israel ook ophou om 'n volk te wees voor My Aangesig vir altyd.

**Ps.136:8-9**
8 Die **son om te heers oor die dag**, want sy goedertierenheid is tot in ewigheid.
9 **Die maan en sterre om te heers oor die nag**, want sy goedertierenheid is tot in ewigheid.

Terloops. Die gebruik van die kleurkode is om met die oogopslag die verskillende Hebreeuse woorde wat op die maan en maand betrekking het, van mekaar te onderskei. Geel het betrekking op die begrip maan en maand en groen het betrekking op nuwemaan en maand. Blou het betrekking op vaste tye. Die definisies van die onderskeie woorde sal mettertyd gegee word.

Jeremia en die psalmdigter verklaar baie duidelik die logika van Genesis 1:14 se groot lig wat oor die dag moet **heers** en die klein lig wat oor die nag moet **heers**.

Die **son** en die **maan** is dus vanaf Gen.1 **verordineer** om te dien as tekens vir **vaste tye, dae en jare.**

**Dit vorm die basis van die kalender wat binne Bybelse konteks eintlik eers in Ex.12 meer volledig omskryf word.**

Let op dat spesifieke **verordeninge** aan hierdie **ligte** gekoppel is m.b.t. die voortbestaan van Israel as volk. Dit duur tot en met die skepping van 'n nuwe hemel en aarde, wat vêr in die toekoms lê. **Israel bestaan dus nog en so ook die wet**. Die **sabbat** is ook die **teken** tussen **Vader JHWH** en **Sy volk** soos opgeteken in Ex.31:13.

Die boek **Henog**, wat in vroeër dae meer in gebruik was, maak breedvoerig melding van die **rol van beide die son en die maan in die kalender** wat in hierdie

aanbieding aan u voorhou word. So ook die boeke Jubeleums, Philo, Josephus en die Dooiesee rolle.

## ➢ Vereistes wat JHWH gestel het m.b.t. die kalender van Gen.1:14-19

**1.** Die eerste **vereiste** wat aan die **son** en **maan** gestel word is **Skeiding**: **"om skeiding te maak tussen die dag en die nag"**

Dit vind plaas met die **draai** van die aarde om haar **eie as**. In die proses kry meeste dele van die aarde kans om vir ongeveer 12 uur aan die son blootgestel te wees en dan vir ongeveer 12 uur aan die skadukant van die aarde te wees.

**2.** Die tweede **vereiste** is **Tekens**:

"… en laat **hulle** dien as as **tekens** vir sowel vir **vaste tye**, asook vir **dae** sowel as **jare.**" Gen.1:14.

Hiermee word bedoel **fisiese tekens**. Die son en die maan moet die fisiese tekens wees waaraan die **vaste tye**, asook die **dae** en **jare** aan uitgeken moet word. Mens moet dit met die oog kan waarneem.


### A. Dae

'n Kalenderdag begin huidig om **middernag**. Dit is nie Skriftuurlik **verantwoordbaar nie** en kan nie met die **son en maan in verband gebring** word nie. Dit is 'n **Rooms katolieke** instelling en voldoen nie aan Vader JHWH se voorskrifte nie. Dit het in die plek gekom van JaHWeH se kalender en maak dat u sondig deur dit te gebruik. [Hos.2:10, 15-16]

**i. <u>'n Dag vanuit die son se perspektief:</u>**

'n Dag is **een omwenteling** van die aarde om haar eie as. Dit bestaan uit geniddeld 12 ure lig [dag] en 12 ure donker [nag].

Skematies lyk dit as volg:




Omdat die kalenderdag nie om middernag kan begin nie, en die son nie alleen as teken daarvoor gebruik mag word nie, ontstaan die vraag wanneer die Skriftuurlike kalenderdag dan moet begin? Hierdie vraag word hieronder aangespreek:

## ii. Die Kalenderdag vanuit die son en maan se perspektief:

Volgens Gen.1:14 moet 'n dag d.m.v. die son en maan geïdentifiseer word.

Toe Vader JHWH met Moses en Aäron in dié verband gespreek het, het Hy 'n **sekere nuwemaan** vir hulle uitgewys waartydens die dae, jaar, maande, weke en die vasgestelde tye moes begin:

> **Ex.12:1-2**
> En JHWH het met Moses en Aäron in Egipteland gespreek en gesê: Hierdie **maand [kho'-desh]** moet vir julle die **begin** van die **maande [kho'-desh]** wees; dit moet vir julle die **eerste** van die **maande [kho'-desh]** van die **jaar** wees.

Die begrip kho'-desh staan met die nuwemaan asook maand in verband.

Hiermee die Strong's Konkordansie definisie van die begrip nuwemaan en maand:

> **H2320**
> חדשׁ
> chôdesh / kho'-desh
> From H2318; **the new moon; by implication a month**: - month (-ly), new moon.

Hiervolgens het die **aanvang** van

- die **1ste kalenderdag**
- asook die **begin van die jaar**
- en die **begin van die 1ste maand**

met 'n **bepaalde nuweman** plaasgevind.

'n Nuwemaan word kort ná sononder sigbaar waarna dit ook in die weste sak.



Hierdeur het die Vader JaHWeH aan enkele van Sy **eie bepalings** soos Hy dit neergelê het in Gen.1:14-19, **voldoen**.

In Ex.12:1-2 word d.m.v. die **son en maan as tekens**, na die **aanvang** van 'n: <u>kalenderdag</u>-, 'n <u>maand</u>- en 'n <u>jaar</u> verwys.

Skriftuurlik gesproke **begin 'n kalenderdag** hiervolgens met **sononder**.

U het seker opgelet dat Ex.12:2 egter **ontoereikend vertaal is**, wat meegebring het dat baie van ons nie die **impak van die nuwemaan** in die Bybel m.b.t. die kalender raakgelees het nie.

Eintlik staan daar in Ex.12:2 nie net **maand** geskrywe nie, maar ook **nuwemaan** [khodesh], wat neerkom op die **vernuwing** van die maan.

Waar Ex.12:1-2 na nuwemaan verwys, is dit **verkeerdelik met maand vertaal**.

Dit moet eintlik as volg lees:

| |
|---|
| **Ex.12:1-2**<br>En JHWH het met Moses en Aäron in Egipteland gespreek en gesê: Hierdie ***nuwemaan [kho'-desh]*** moet vir julle die begin van die **maande *[kho'-desh]*** wees; dit moet vir julle die **eerste** van die **maande *[kho'-desh]*** van die **jaar** wees. |

Die basis van die begrip H2320 [kho'-desh] is **H2318**, wat in die geval van die maan, **vernuwing** beteken:

| |
|---|
| **H2318**<br>חדשׁ<br>châdash / khaw-dash'<br>A primitive root; **to be new**; causatively to rebuild: - **renew**, repair. |

kho'-desh is nie die enigste Hebreeuse woord wat met **maand** in verband staan nie. Maand word ook as volg gedefinieer:

| |
|---|
| **H3391**<br>ירח<br>Yerach / yeh'-rakh<br>From an unused root of uncertain signification; **a lunation, that is, month**: - month, moon. |

Die maand staan in verband met die maan, waarvan die definisie as volg is:

| |
|---|
| **H3394**<br>ירח<br>yârêach / yaw-ray'-akh<br>From the same as H3391; **the moon**: - moon. |

Die twee begrippe lyk en klink eenders in Hebreeus: yeh'-rakh en yaw-ray'-akh. Soortgelyk aan maand en maan. **'n Maand moet dus iets met die maan te make hê, nie waar nie?**

**Januarie, Februarie, Maart,** ens. wat huidig as maande bekend staan, is in werklikheid **nie maande nie** en het absoluut **niks** met die **maan** te make nie.

Met die **oorgang** van die **Hebreeuse** son-man kalender na die **Juliaanse** kalender in die dae van **Herodus** gedurende ongeveer **45vC**, het die begrip maand egter behoue gebly maar die gebruikmaking van die son

en maan as teken vir die maand is **vervang** met die huidige “maande” - **Januarie, Feb**, ens; wat heidense **mitologie** is. Die rol van die son en maan en die ewenings en seisoene as kalender, is vervang met die Juliaans / Gregoriaanse kalender wat huidig in gebruik is.

Daar is egter 4 maande van die huidige kalender wat op getalle dui, nl. **Septa [sewe], Okta [agt] , Nove [nege] en Des [tien – desimaal]**. Hulle sinkroniseer merkwaardig met die maankalender se **7de, 8ste, 9de en 10de** maande. So is die 10de maand [Desember] die middel van die winter in die Noordelike halfrond maar word beskou as die 12de Gregoriaanse “maand”.

Binne seisoensverband **korrespondeer** hierdie 4 **Gregoriaanse** maande met die Bybelse son-maankalender en is dit saam met die vasstelling van Goeie Vrydag, die enigste **oorblyfsel van die Bybelse kalender** binne die huidige stelsel. Hulle getuig dus van die kalender wat hiermee aan u voorgehou word.

Die **Gregoriaanse** stelsel is egter **nie Skriftuurlik** verantwoorbaar nie.

Soos reeds verduidelik het Vader JHWH aan Moses en Aäron tydens **sononder** ‘n **spesifieke nuwemaan uitgewys-**



Die nuwemaan was die **begin van die dae, weke, maande en jare** waarvolgens Israel vanaf daardie oomblik moes funksioneer.

Hiermee is die rol van beide die **son en maan m.b.t. ‘n kalenderdag** verduidelik. ‘n **Kalenderdag** duur van **sononder tot sononder**. Meer bewyse sal mettertyd gegee word. Dit **voldoen** aan Vader JHWH se vereistes volgens **Gen.1:14-19.**

## B. Jare

‘n Jaar is die volgende begrip wat volgens Gen.1:14 d.m.v. die son en die maan vasgestel moet word


Noudat **ons weet dat**

- ‘n kalenderdag met **sononder moet begin**
- en dat ‘n **maand en ‘n jaar met die nuwemaan moet begin**,

laat ons vasstel wat die **verdere rolle van die son en maan** is m.b.t. jare:

| i. | **Die Sonjaar** |
|---|---|

'n Sonjaar is een omwenteling van die aarde om die son.





Die **posisie** waarvandaan die **sonjaar** se **begin** m.b.t. die aarde se baan om die son bereken word,

- is volgens Henog 72:32 waar die **dag en nag ewe lank** is, in die middel van die Lente in die **Noordelike Halfrond.**

Dit staan as die **Maart ewening of Lente ewening bekend.**


Hiermee 'n diagram ter illustrasie van 'n sonjaar. Begin lees in die **geel blokkie**. Die sirkels stel die verskuiwende posisies van **sononder** voor soos waargeneem kan word op die westelike horison. Die tabel verduidelik die jaar vanuit die perspektief van die **Noordelike Halfrond**.




Die diagram hieronder verstig u aandag op die onderskeie plekke waar die **son opkom** en die tydperk wat elke **kwartaal** duur. Die **Suidelike halfrond** is hier ter sprake.

# Die son se rol in die jaar

**Sonop - oostelike horison**
Daar is 365 plekke waar die son opkom




22 Desember is mid somer in die suidelike halfrond.

Ewenings vind plaas op 20-21 Maart en 20-22 September

21 Junie is mid winter in die suidelike halfrond.

**Elke dag kom die son op 'n ander plek op**

Hiermee foto's ter illustrasie van die verskuiwende posisie van sonop, op die plaas Witpan Lichtenburg:



Junie sonstilstand Mrt/Sept ewening Des. sonstilstand

Onderstaande diagram illustreer beide die **westelike** en **oostelike horisonne** se **daaglikse veranderende** posisies m.b.t. **sononder en sonop** vir 'n sonjaar.

# Die son se rol in die jaar

**Sononder - westelike horison**
Daar is 365 plekke waar die son onder gaan



**Elke dag sak die son op 'n ander plek en tyd**

**Sonop - oostelike horison**
Daar is 365 plekke waar die son opkom





**Elke dag kom die son op 'n ander plek en tyd op**

Die son sak elke dag op 'n ander plek en tyd en kom elke dag op 'n ander plek en tyd op. Dit veroorsaak die seisoene en die jare en dit is wat bedoel word met Gen.1:14-19: die teken van die son met betrekking tot dae en jare

Let op dat die son by die sonstilstande daagliks baie minder verskuif as wat die geval is by die ewenings. Dit kom basies neer op 'n pendulum effek.


Hiermee foto’s ter illustrasie van die verskuiwende posisies van sononder op die plaas Witpan [Lichtenburg]. Let op na die posisie van die son m.b.t. die bome op die horison.



Des. Sonstilstand/ Mrt/Sept ewening/ Junie sonstilstand

Tydens die **ewenings** kom die son **reg Oos op en sak reg Wes**. Vandaar skuif die son elke dag na die sonstilstande toe en draai dan om en kom weer na die ewenings toe. **So kom en gaan die seisoene en word die sonjaar voltooi.**

Hiermee ‘n skets van ‘n antieke obserwatorium:




Die **posisie** van die son en maan wat in die **skets** hierbo uitgebeeld word, is waar hulle opkom en sak **tydens die Desember sonstilstand**. Dan is dit die middel van die winter in die Noordelike halfrond soos op die skets aangedui.

Die **sonjaar duur vanaf die eerste dag na die skrikkeldae tydens die Maart ewening** tot die volgende Maart ewening. Sien Henog kalender op bl.13.

Elke dag verskil van die vorige- en volgende dag m.b.t.


- dagliglengte,
- posisie van sonsak
- en posisie van sonop.

Dit is die **rol van die son m.b.t die jaar** in terme van Gen.1:14.

## ii. Die Maanjaar

Voordat die **maanjaar vasgestel** kan word, moet daar eers meer m.b.t 'n maand gesê word. Henog meld die volgende m.b.t. 'n maand:

**Henog.78:12** [Die Boek van Herinnering, Eerste druk Januarie 2000]





12 **Op die eerste dag** word sy die **nuwemaan genoem**, want **op daardie dag** begin die lig op haar skyn.


Henog **maak melding van 'n** **<u>eerste dag</u>** wat uitgeken word aan die **lig van die son wat op die maan begin skyn**. Dit is dan ook **Nuwemaan** en beklemtoon dat 'n **kalenderdag** met **sononder begin**.


Die diagram hierbo se **tweede blokkie van links** illustreer 'n **nuwemaan,** en die **ooreenstemmende posisie** van die maan t.o.v. die son- is reg bokant die blokkie. Die maan se posisie soos in die eerste blokkie is volgens hierdie kalender **donkermaan**, aangesien die maan dan nog nie sigbaar is nie.

**Nuwemaan** word sigbaar **na** die **periode** wat as **donkermaan** bekend staan, waartydens daar **geen maan sigbaar** is nie omdat die maan in daardie periode **tussen die son en die aarde is** en die son se lig mens verblind – sien dag 28 tot 30.




**Nuwemaan** word die eerste keer sigbaar wanneer daar in meeste gevalle 'n **gaping** van **50 minute** en meer is tussen **sononder en maanonder.**



Op hierdie **voorstellings** is die **maan nie presies** tussen die son en aarde nie. Die hoek van **12 grade** en meer tussen die maan en die horison **maak dit moontlik** om die maan se weerkaatsing van die son se lig te sien soos wat dit donkerder word, waartydens die maan ook onder gaan.

Die maan se **posisie** verander ook elke dag met ongeveer **12 grade**, wat rofweg neerkom op 'n persoon se **vuisdeursnee** met uitgestrekte arm. Plaas die onderkant van u vuis op die horison- **rigting sononder** en kyk dan bo oor u vuis na die hemel. Dit is 'n aanduiding van waar die nuwemaan sigbaar behoort te word. Die hoek wat vorm is ongeveer 12 grade. Omdat die maande onderskeidelik 29 en 30 dae het, kan die sekelmaan tot byna twee vuiste hoog wees met nuwemaan na 'n maand met 30 dae




Volgens hierdie tabel groei die **lig van die maan daagliks** met een **veertiende** tot volmaan en neem dan daagliks af met 'n veertiende tot en met donkermaan soos wat Henog dit ook stel in:



**Henog 78:6-8, 12-14 en 16** [Die Boek van Herinnering, Eerste druk Januarie 2000]
**6** Wanneer die maan opkom, verskyn **een veertiende gedeelte** in die Hemele [die lig in haar word vol]: op die **veertiende dag** bereik haar lig 'n **hoogtepunt**.
**7** Vyftien gedeeltes lig word na haar oorgeplaas tot op die vyftiende dag wanneer haar lig volbring is, volgens die teken van die jaar, en sy word vyftien gedeeltes, en die maan groei deur die byvoeging van veertien gedeeltes.
**8** En wanneer sy afneem [die maan] verminder sy op die eerste dag tot veertien gedeeltes van haar lig, op die tweede tot dertien gedeeltes van haar lig, op die derde tot twaalf, op die vierde tot elf, op die vyfde tot tien, op die sesde tot nege, op die sewende tot agt, op die agtste tot sewe, op die negende tot ses, op die tiende tot vyf, op die elfde tot vier, op die twaalfde tot drie, op die dertiende tot twee, **op die veertiende tot die helfte van 'n sewende, en al haar oorblywende lig verdwyn op die vyftiende.**

**Henog 78:12-14,16**
**12 Op die eerste dag word sy die nuwemaan genoem**, want op daardie dag begin die lig op haar skyn.
**13 Sy word volmaan, presies wanneer die son in die weste sak, en uit die ooste kom sy op in die aand**, en dan skyn die maan die hele nag, totdat die son teenoor haar opkom en die maan teenoor die son gesien word.
**14** Aan die kant van die maan waar die lig vandaan voortkom, daar weer **neem die krag van die maan** af, <u>totdat **al** haar **lig verdwyn** en die **maand aan sy einde is,**</u> en haar **omtrek leeg is,** en sy **geen lig** meer het nie.








Die tabel regs wys hoedat die nuwemaan se posisie daagliks tydens **sononder** met **ongeveer 12 grade styg** en 'n **14de deel lig bykry,** en op die tabel links daagliks tydens **sonop** met ongeveer **12 grade sak** en 'n **14de deel** van haar lig **verloor** totdat haar **omtrek leeg** is en die **maand eindig**.

**Die maan moet in terme van Gen.1:14 ook 'n rol speel m.b.t. 'n jaar en** word 'n **maanjaar** dus geïmpliseer.

Die **aanvang** van die **sonjaar** vind volgens **Henog** plaas op die dag na die skrikkeldae tydens die **Maart ewening** en duur tot die daaropvolgende Maart ewening. Die **maanjaar hou daarmee veband**. Die Maart ewening staan ook as die Lente ewening bekend aangesien dit die **seisoen** in die Noordelike halfrond is waartydens dit plaasvind.

## Die Sonjaar van Henog




Lente eweningsdag - Le
Somer sonstilstand - Ss
Herfs eweningsdag - He
Winter sonstilstand - Ws


Soos mettertyd aangedui sal word, vereis Vader JHWH dat die eerste **groen koringare** teen die **22ste dag** van **1ste die maand** gesny moet word as **beweegoffergerf**. Dit moet tydens die **lente** wees aangesien **groen koringare** in die lente verskyn.

Ons het nou 'n aanduiding van **wanneer die maanjaar** moet begin – in die **lente**.

Die **maanjaar** is **saamgestel** uit **maande**, wat hiermee **verder ondersoek word.**

Volgens **Henog 78:16** asook **fisiese waarnemings** duur maande onderskeidelik **29 en 30 dae.**

**Henog 78:16** In die tyd wat sy uitgaan, verskyn sy **vir drie maande van dertig dae elk, en vir drie maande verskyn sy vir nege-en-twintig dae elk.**




'n Maanjaar van **12 maande is 354** dae lank, terwyl die sonjaar **365 dae lank is**; 'n verskil van **11 dae**.

Hierdie verskil sou meebring dat, indien die **maanjaar tot 12 maande beperk** was, die **Oesfees** wat jaarliks tydens **oestyd** gevier is, mettertyd, **voordat die oes gereed sou wees**, gevier sou moes word.

Vader JaHWeH se **skepping is egter volmaak** en ons as nietige mense moet maar leer om **Sy werke voorop te stel** en ons gebrek aan kennis deur navorsing **aan te vul**. Soek en jy sal vind.

In die **praktyk** is die maanjaar **nie tot 12 maande beperk** nie, **maar pas self aan by die seisoene,** wat meebring dat daar

- 12 jaar met 12 maande
- en 7 jaar met 13 maande elk,

binne 'n **Metoniese siklus van 19 jaar** voorkom.

'n **Metoniese** siklus beteken dat die aantal dae van **19 sonjare gelyk** is aan die aantal dae **van 19 maanjare**.

Hierdie **verskyning van die dertiende maand vind natuurlik plaas**, sodat die mens **nie nodig** het om soos die geval is met die Gregoriaanse kalender, m.b.v. 'n ingewikkelde wiskundige model **elke vierde jaar 'n skrikkeldag by te voeg nie.**


Die **dertiende maand** is dus niks anders as 'n **skrikkelmaand** en is daarom nie **vreemd aan kalenders nie.** Dink aan 29 Februarie.

Hierdie voorstelling wys beide die Bybelse- en Babiloniese kalenders se maand van die onderskeie jare asook Veadar [die 2de Adar] as 13de maand.





**Skrikkeltye** is eerder die **reël** as die uitsondering. Selfs die **sonkalender** volgens **Henog** bevat een skrikkeldag vir 3 agtereenvolgende jare en dan **2 skrikkeldae in 'n siklus van 4 jaar.**

## Die Sonjaar van Henog




Lente eweningsdag - Le
Somer sonstilstand - Ss
Herfs eweningsdag - He
Winter sonstilstand - Ws

Die **Skriftuurlike jaar** bestaan derhalwe **<u>uit vier seisoene</u>**, voortspruitend uit die **omwenteling van die aarde en maan om die son**.




‘n **<u>Dag</u>** is die **omwenteling** van die **aarde** om haar eie as, ‘n **<u>Maand</u>** is die **omwenteling** van die **maan** om die **aarde**, en ‘n **<u>Jaar</u>** ‘n **omwenteling** van die **aarde-** en **maan** om die **son.**


Die klem val dus op die **seisoene en die ewenings en sonstilstande en die stand van die maan as hoofbestandele** van ‘n **jaar**. Dit is alles in **ooreenstemming** met die **skeppingsorde** van Gen.1:14.

In terme hiervan en **Ex.12:2** en fisiese waarnemings, is die **verskyning van die <u>nuwemaan naaste aan die lente ewening</u>** in die noordelike halfrond, **<u>die aanvang van die maanjaar.</u>**


Die **maanjaar** is hiermee aan u **verduidelik.**

Opsommend toon die **illustrasies** hieronder hoedat die **son** en die **maan** verseker **dien** as **tekens**, vir **dae** en **jare**:

- die **son** kom **elke dag** op ‘n ander **plek** en **tyd op** en **sak elke dag** op ‘n **ander plek en tyd**:




- en die **maan** weerkaats elke dag ‘n **ander hoeveelheid** van die **son se lig** m.b.t. die **vorige** en **volgende** dae.



- en het daagliks verskillende plekke en tye waar dit opkom en ondergaan.

**Elke dag is dus uniek.**

**Vader JHWH se opdragte in Gen.1:14-19 m.b.t. die rol van die son- en maan as tekens vir dae en jare** [asook maande en weke soos u later sal sien], **is hiermee verduidelik.**

Die **volgende** waaraan **aandag verleen** moet word is **Vaste tye.**

## C. Son en Maan as Tekens vir Vaste Tye

**Gen.1:14** [1933/53 Afrikaanse Bybel]
14 En God [El] het gesê: Laat daar ligte wees aan die uitspansel van die hemel, om skeiding te maak tussen die dag en die nag; en laat **hulle** dien as **tekens** sowel vir **vaste tye**, asook vir dae sowel as jare.


Die Strong's definisie vir **vaste tye** is as volg:

**H4150**
מוֹעֲדָה מֹעֵד מוֹעֵד
môʻêd môʻêd môʻâdâh
mo-ade', mo-ade', mo-aw-daw'
From H3259; properly an **appointment**, that is, **a fixed time or season**; specifically a **festival**; conventionally a **year**; by implication, an assembly (as convened for a definite purpose); technically the congregation; by extension, the place of meeting; **also a signal** (as appointed beforehand): - appointed (sign, time), (place of, solemn) assembly, congregation, (set, solemn) feast, (appointed, due) season, solemn (-ity), synagogue, (set) time (appointed).

**Ps.104:19 en Jer.31:35, bevestig** dat die **son en maan die tekens** moet wees waardeur die **vaste tye bereken** moet word soos opgeteken in **Gen.1:14**.

**Ps.104:19**
Hy het die **maan** *[yehrakh]* gemaak vir die vaste tye *[mo-ade - H4150]*; die **son** ken sy tyd om onder te gaan.

**Jer.31:35**
So sê JHWH wat die **son** gee tot 'n lig oordag, die **ordeninge** van die **maan** *[yehrakh]* en van die **sterre** tot 'n lig in die nag; wat die see in beroering bring, sodat sy golwe bruis, JHWH van die leërskare is sy Naam:




Terloops. Soos hierbo vermeld veroorsaak die **son en maan** ook die **getye** van die see. Spring gety gaan gepaard met die nuwemaan en volmaan en dooie gety gaan gepaard met eerste kwartier en laaste kwartier.

Laat ons daarom **ondersoek** instel wat die **vaste tye** is wat met die **son en maan uitgeken** moet word:

## 1) Nuwejaar as Vaste Tyd

**Die eerste Vaste Tyd volgens Exodus 12 is Nuwejaarsdag soos opgeteken in: Ex.12.**

**Ex.12:1-2** *[Binne konteks vertaal]*



En JaHWeH het met Moses en Aäron in Egipteland gespreek en gesê: Hierdie nuwemaan **moet** vir julle die **begin** van die maande wees; dit **moet** vir julle die **eerste** van die maande van die **jaar** wees.

01 02 03 04 05 06 07 08 09 10 11 12 13 14 15 16 17 18 19 20 21 22 23 24 25 26 27 28 29 30

Soos reeds verduidelik is **nuwemaan** 'n **sekelmaan** en word sigbaar kort na **sononder** waarna dié **maan** ook ondergaan en voldoen aan die voorskrif in Gen.1:14 vir die **vaste tye**, nl. dat beide die **son en die maan sal dien as tekens**, wat wel die geval is by **nuwemaan**, wat die **begin** van die dag, **jaar** en maand is.
**'n Sekere Nuwemaan is dus nuwejaar.**
Die res van die **vaste tye** word vanaf die **nuwemaan** bereken.

## 2) Die Sabbat as Vaste Tyd

**Die eerste Vaste Tyd volgens Lev.23 is die Sabbat:**

**Lev.23:2-3**
2 Spreek met die kinders van Israel en sê vir hulle: Die feestye *[H4150 vaste tye]* **van JHWH** wat julle moet uitroep as heilige samekomste **dit is My feestye** *[H4150 vaste tye].*
3 Ses dae lank kan werk gedoen word, maar op **die sewende dag** is dit 'n dag van volkome rus, 'n heilige vierdag; **géén werk mag julle doen** nie, **dit is 'n sabbat van JaHWeH** in al julle woonplekke.

Die **7de dag sabbat** as **vaste tyd**, kan nie vasgestel word sonder die **voorafgaande 6 dae** nie. Die **eerste** van hierdie **6 dae** is **nuwemaan**, wat ook 'n **vaste tyd** is.

Die **sewende dag as sabbat** is soos opgeteken in Lev.23:2-3, Vader JHWH se **vaste tyd** en staan in Hebreeus as **mo-ade'** bekend.

In terme van **Gen.1:14** moet die **sabbat** as deel van die **vaste tye [mo-ade']** d.m.v. die **son en maan uitgeken word**. Vader JaHWeH het dit so verordineer en laat opteken.

**Die sabbat vind dus as volg plaas:**



Die **nuwemaan** soos uitgewys in **Egipte** was **die 1ste dag** van:

- die maand
- die jaar en
- die week
- en die **eerste dag** van die **6 dae** wat die sabbat **voorafgaan**.

01 02 03 04 05 06 07 08 09 10 11 12 13 14 15 16 17 18 19 20 21 22 23 24 25 26 27 28 29 30



Die **7de dag** was die eerste **sabbat** en **einde van die eerste week** met die maan op 1ste kwartier - Lev.23:3

01 02 03 04 05 06 07 08 09 10 11 12 13 14 15 16 17 18 19 20 21 22 23 24 25 26 27 28 29 30



Die **14de,** waarop die Pasga lam geslag is, was die **einde van die 2de week** en logies die **tweede sabbat** tydens volmaan

01 02 03 04 05 06 07 08 09 10 11 12 13 14 15 16 17 18 19 20 21 22 23 24 25 26 27 28 29 30



Die **21ste** was verseker 'n **volwaardige sabbat**, nl. die **sewende dag en sabbat van die Fees van Ongesuurde Brode** [Ex.12:18] met die maan as laaste kwartier. Dit was die **einde van die derde week.**

01 02 03 04 05 06 07 08 09 10 11 12 13 14 15 16 17 18 19 20 21 22 23 24 25 26 27 28 29 30



en die **28ste** was die **4de sabbat** van die 1ste maand **asook die eerste sabbat** van die **eerste volle week** van die **Oesfees.** Dit is dan donkermaan. Dit was die **einde van die vierde week** van die eerste maand [Lev.23:10-23]. Meer besonderhede hieroor word hieronder verskaf in die hoofstukke oor die feeste.

01 02 03 04 05 06 07 08 09 10 11 12 13 14 15 16 17 18 19 20 21 22 23 24 25 26 27 28 29 30

Hiermee is die voorskrifte m.b.t. die **son en maan** as **tekens** waaraan die **sabbat** as **vaste tyd** aan uitgeken moet word, uiteengesit.



Daar kan geen twyfel bestaan dat dit so verordineer is deur Vader JaHWeH. Hy het dit opgeteken in die Skrifte sodat ons daarvolgens kan handel.

Dit is opmerklik dat elke **7de dag sabbat** van die eerste maand **sinkroniseer** met die **kwartiere van die maan.** Dit is in ooreenstemming met die **voorskrif dat die son en maan** moet dien as **tekens vir die vaste tye –** Gen.1:14.

**Die sabbat as vaste tyd is hiermee verduidelik.**

## 3) Die Pasga as Vaste Tyd:

Ons lees in Ex.12 dat die Israeliete in Egipte op die **10 dag** van die 1ste maand -

| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 01 | 02 | 03 | 04 | 05 | 06 | 07 | 08 | 09 | **10** | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 | 21 | 22 | 23 | 24 | 25 | 26 | 27 | 28 | 29 | 30 |



‘n lam moes neem en slag teen die aand van die 14de kalenderdag en die bloed teen die deurposte moes smeer,

waarna dit nag geword het. Hulle moes die lam eet volgens Vader JHWH se bevele om behoue te bly, terwyl die eersgeborenes van Egipte gedood is.





Die was ‘n volmaan aand

Indien iemand nie die Pasga in die 1ste maand kon herdenk nie, moes hy dit op die 14de dag van die 2de maand doen, wat volgens hierdie **kalender** ook ‘n **volmaan** is.

**Terloops** - Die benaming **kalender** het ‘n Romeinse oorsprong en **beteken volmaan**. Die Romeine het ‘n **son/maan kalender** gevolg maar ongeveer 46vC dit laat vaar en die Juliaanse “*kalender”* ingestel.




Die **Juliaanse “kalender”** is nie ‘n **kalender** nie, aangesien **kalender volmaan beteken.** Dit is eerder ‘n sisteem.

**Kalender** verwys egter nie meer **net** na **volmaan nie**, maar ook na ander **sisteme** wat tyd hou en waarvolgens veral geskiedenis opgeteken word.

Die Juliaanse kalender se **weeksdae** is na die planete vernoem en verwys almal na **heidense gode**. Die eerste agt **maande** verteenwoordig **heidense gode**. Die Juliaanse kalender is **wiskundig verfyn** en heet tans die Gregoriaanse kalender. Dit is niks anders as **Babiloniese afgodery**.




Dit net ter agtergrond m.b.t. die **heidendom** wat in die plek gekom het van die **tekens** wat Vader JaHWeH **tussen Hom en Sy volk ingestel het** - Ex.31:13. Daarom dat ons Babilon moet verlaat – Op.18:4.

***Pasga as vaste tyd vervolg:-***

Kenmerkend van die **14de dag van elke maand**, is dat dit **volmaan is** en daar **genoegsaam maanlig** is om buite rond te beweeg.

In terme van Lev.23:2 wat voorskryf dat die **7de dag die sabbat** moet wees, is die **14de ‘n volwaardige sabbat** en die einde van die 2de week.

**Die Pasga** is **verseker** op die **tweede sabbat** van die **eerste maand** geslag tydens **volmaan** en **voldoen** aan die **voorskrifte** vir die **Vaste tye – Gen.1:14.**

JaHHoWShuAh [Jesus] is op die **Pasga**, die 14de- die 2de sabbat van die eerste maand **gedood**:

**Mat.26:2** Julle weet dat oor **twee dae die pasga kom**, **dan** word die **Seun** van die mens **oorgelewer** om gekruisig te word.

**Joh.19:31** En dat die liggame nie **op die sabbat** aan die kruis sou bly nie, aangesien dit die voorbereiding was—want die dag van daardie sabbat was.

Die **groot sabbat** wat wou aanbreek was die **eerste dag van die Fees van Ongesuurde Brode – self 'n sabbat** en die dag wat **plegtig onderhou** moes word [Ex.12:42] aangesien dit die dag van die **Exodus** was. Daarmee het ons **2 sabbatte** direk na mekaar, nl.die **14de** en die **15de**.

Hierdie kalender het derhalwe nog in JaHHoWShuAh se tyd gefunksioneer en is eers later deur die Juliaanse kalender vervang.

**Hy kondig aan dat Sy dood op die pasga [vaste tye] sal wees** – Mat.26:2, en verleen daarmee erkenning aan **Gen.1:14.**

Hiermee is die **Pasga as vaste tyd** verdudelik.

## 4) Die Feesweek van Ongesuurde Brode as Vaste Tyd:



Met die dood van die Egiptiese eersgeborenes op die 14de dag, -



het Farao die Israeliete vrygelaat en het hulle daardie aand, met die aanbreek van die **15de kalenderdag**, met die exodus begin en het JHWH hulle daardie nag gelei met 'n vuurkolom en



bedags met ‘n wolkkolom [Ex.13:21].

Die Week van **Ongesuurde Brode** duur vanaf die **15de dag** van die eerste maand tot en met die **21ste dag** van dié maand. Beide die 15de en 21ste is **sabbatte** is. Let op dat hierdie net ‘n **5dag werkweek** is.

Fees van Ongesuurde Brode

| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 01 | 02 | 03 | 04 | 05 | 06 | 07 | 08 | 09 | **10** | 11 | 12 | 13 | 14 | **15** | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 | **21** | 22 | 23 | 24 | 25 | 26 | 27 | 28 | 29 | 30 |

**Lev.23:6-8**
6 en op die **vyftiende dag** van hierdie maand is die **fees van die ongesuurde brode** van JHWH; **sewe dae lank** moet julle ongesuurde brode eet.
7 Op die ***eerste dag [die 15de]*** moet daar vir julle ‘n heilige vierdag wees; **géén beroepswerk** mag julle doen nie.
8 Maar julle moet **sewe dae** lank aan JHWH ‘n vuuroffer bring. Op die ***sewende dag [die 21ste]*** moet daar ‘n heilige vierdag wees; **géén beroepswerk** mag julle doen nie.



Ook hierdie fees is maklik herkenbaar aan die son en maan daarin dat die **15de** dag begin **met ‘n volmaan** wat kort na sononder opkom



en die **fees eindig op die sabbat van die 21ste** [Ex.12:18] met **laaste kwartier** waartydens die halwe maan reg bokant jou is met sonop.

**[ Derde week ]**

| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 01 | 02 | 03 | 04 | 05 | 06 | 07 | 08 | 09 | **10** | 11 | 12 | 13 | 14 | **15** | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 | **21** | 22 | 23 | 24 | 25 | 26 | 27 | 28 | 29 | 30 |

Hierdie fees vind plaas tydens **die derde week** van die eerste maand en voldoen ook aan die voorskrifte vir **vaste tye** soos opgeteken in Gen.1:14.
In terme van Lev.23:2 wat voorskryf dat die **7de dag die sabbat** moet wees, **is die 21ste in alle opsigte die 3de sabbat van die maand.**

Die Fees van **Ongesuurde Brode voldoen in alle opsigte** aan **Gen.1:14** se **vaste tye**, soos in **Ex.23** voorgeskryf.

## 5) Die Oesfees- en Pinkster as Vaste Tyd

Hierdie twee feeste is aaneenlopend en word daarom saam behandel. Die eerste probleem is **om vas te stel wanneer die Oesfees begin het**. Daar bestaan baie onkunde hieroor en moet deeglik uitgeklaar word. Verskoon dus dat dit effens langdradig is, maar weens die noodsaaklikheid dat die Waarheid openbaar moet word, moet u geduldig wees.

Volgens Lev.23:10-16 moes die Oesfees **begin** op die dag **ná** die **sabbat**.

**Lev 23:10,11,15,16**

10 Spreek met die kinders van Israel en sê aan hulle: As julle in die land kom wat Ek julle gee en sy opbrings **oes**, moet julle die **eerstelingsgerf** van julle **oes** na die priester bring.



11 En hy moet die gerf voor die aangesig van JHWH beweeg, sodat julle welgevallig kan wees; **die dag ná die sabbat** moet die priester dit beweeg.

15 Dan moet julle tel **van die dag ná die sabbat**, van die dag af as julle die beweegoffergerf bring **sewe volle weke** moet dit wees;

16 **tot die dag ná die sewende sabbat** moet julle **vyftig dae** tel; dan moet julle 'n nuwe spysoffer aan JHWH bring.

Die enigste sabbat wat ter sprake kan wees, is die **21ste dag** van die 1ste maand [Abib/Aviv]. Volgens Ex.12:16,18 en Lev.23:8 is die 15de en 21ste dae van die 1ste maand **heilige vierdae,** waarop **geen beroepswerk** gedoen mog word nie. Verder word die 21ste gespesifiseer as 'n 7de dag. Tot op daardie stadium was die begrip sabbat nog nie in gebruik nie.

Lev.23:11 se verwysing hierbo na: **"die dag ná die sabbat"**, kan slegs op die **21ste Abib betrekking hê.**

Binne kalenderverband is dit die **eerste verwysing** na 'n 7de dag waarop geen beroepswerk op gedoen mog word nie, **en dui dus op 'n sabbat.**

Op die stadium dat die Fees van Ongesuurde Brode beveel is, was die sabbat van die 4de Gebod **nog nie** uitgevaardig nie - Ex.12:15-20. Die **eerste verwysing** na die sabbat van die 4de gebod is op pad na Sinai gegee met die instelling van die manna, welke sabbat ongeveer **2 maande ná die exodus** as 4de Gebod gewettig is. Die verwysing na "die dag ná die sabbat", kan dus **net betrekking hê op die einde van die Fees van Ongesuurde Brode.**

| | | | | | | | | | | | | | | Fees van Ongesuurde Brode | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 01 | 02 | 03 | 04 | 05 | 06 | 07 | 08 | 09 | **10** | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 | **21** | 22 | 23 | 24 | 25 | 26 | 27 | 28 | 29 | 30 |

Die **Fees van Ongesuurde Brode** se voorskrifte [Lev.23:6-8] is in hoofstuk **C) 4)** [bl.22] aangehaal, welke fees op die **21ste** as heilige vierdag [sabbat] geëindig het.

Direk opvolgend word die voorskrif vir die **Oesfees** in Lev.23:10-16 gegee, waarin gespesifiseer word dat die 1ste volle week van die Fees van Weke op 'n **sabbat** moet volg, welke sabbat slegs die **21ste** kan wees.

Daar word van géén ander 7de dag met 'n sabbatsinhoud [heilige vierdag] melding gemaak nie.

Hierdie **21ste** Abib is 'n **veelvoud** van 7 en daarom volgens Lev.23:3 'n sewende dag sabbat:

**Lev.23:3**

Ses dae lank kan werk gedoen word, maar op die **sewende dag** is dit 'n dag van **volkome rus**, 'n heilige vierdag; **géén werk** mag julle doen nie, **dit is 'n sabbat van die HERE** in al julle woonplekke.

Die Oesfees se begin, wat verwys na **"die dag na die sabbat"** het betrekking op die 21ste Abib. Die **eerste volle week** van die **Oesfees** duur derhalwe vanaf die **22ste tot die 28ste Abib.**

Die sabbat **waarná** die **Oesfees** moes **begin**.

Pasga

**[ Oesfees week 1 ]**

| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 01 | 02 | 03 | 04 | 05 | 06 | 07 | 08 | 09 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 | **21** | **22** | 23 | 24 | 25 | 26 | 27 | **28** | 29 | 30 |

Fees van Ongesuurde Brode

- Die **Oesfees se eerste volle week** volg direk op die weeklange **Fees van Ongesuurde Brode.** Op die dag **ná die sabbat**.
- Dit bevestig dat die Fees van Ongesuurde Brode ook **'n volle week was,**
- en dat die **21ste 'n volwaardige sewende dag sabbat is.**


Met die **28ste** as **veelvoud** van **7** -

- en as **sabbat** van die eerste **volle week** van die **Sewe weke lange Oesfees**,
- is dit logies dat die **7de, 14de en 21ste ook** volwaardige sewende dag **sabbatte** is.
- Hiermee is die **begin** van die Oesfees bo alle twyfel vasgestel.

Die eerste maand wat in die Bybel beskryf word bestaan uit 4 volwaardige weke,

| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 01 | 02 | 03 | 04 | 05 | 06 | 07 | 08 | 09 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 | 21 | 22 | 23 | 24 | 25 | 26 | 27 | 28 | 29 | 30 |

elk met 'n volwaardige sewende dag **sabbat** as vasgestelde tyd en elkeen is uitkenbaar aan die **son** en die maan. Dit is volgens die opdrag soos opgeteken in Gen.1:14-19.





**Elke jaar moes op presies dieselfde manier begin**, wat **ondenkbaar** is binne die huidige **Babilonies-Gregoriaanse sisteem** met haar **ononderbroke 7-dag** siklus. **Num.28:11,14** getuig direk ook teen die huidige sisteem.

Dit beteken dat die **7 volle weke** van die Oesfees, sal duur vanaf die **22ste Abib** tot en met die **14de dag van die derde maand**- die **49ste** dag- die dag voor **Pinksterdag**.

Laat ons ondersoek instel of dit wel so is, aangesien die maande alternatiewelik 29 en 30 dae het en die hedendaagse telling van 50 dae om **Pinksterdag** vas te stel, nie die Skriftuurlike weke in aanmerking neem nie. Verder is die maande met alternatiewelik 29 en 30 dae vreemd en skep die ignoreering daarvan met die berekening van die 50ste dag, verwarring.

Die dag wat vandag bekend staan as **Pinksterdag** is 'n voortsetting van die **50ste dag van die Oesfees**, wat **sewe volle weke** moes duur, waarop die **50ste dag gevolg het** en waarop die twee beweegbrode voor die Aangesig van Vader JaHWeH gebring is.



Binne Nuwe Testamentiese verband het JaHHoWShuAh met Sy **hemelvaart** vanaf die Olyfberg *[Op die nuwemaan van die 3de maand]* vir Sy dissipels gesê om in Jerusalem te wag vir die koms van die Heilige Gees, wat toe **2 weke later op die 50ste dag** van die **Oesfees** op hulle kom sit het soos tonge van vuur – [Hand.1 en 2].



Aangesien alle **vaste tye** van hierdie kalender volgens Gen.1:14 d.m.v. die **son en die maan** uitgeken moet word, moet die **sewe volle weke as vaste tye** van die Oesfees/Fees van Weke, ook voldoen aan die vereistes

wat in Gen.1:14 neerglê is. Die son en maan moet dus dien as tekens **vir al die weke van die Oesfees**.


Ons het reeds gesien dat 'n maand bestaan uit 4 weke waarvan **elke sewende dag** duidelik herkenbaar is aan **een van die kwartiere** van die **maan**. Dit is logies, prakties en maklik verstaanbaar.



Eerste kwartier Volmaan Laaste kwartier Donkermaan


Dit is hoe die Skrifgefundeerde maand funksioneer m.b.t. weke.

- Die **Feesweek van Ongesuurde Brode** asook
- die **eerste volle week** van die **Oesfees** is tot dusver in hierdie beginsel vasgelê.




Dit is die patroon wat die vaste tye vanaf die begin van hierdie kalender volg, wat beteken dat dit as **vaste beginsel** dwarsdeur die res van die kalender moet geld.

**Die vraag is:** Hoe beïnvloed die **kort weke** van onderskeidelik 1 en 2 dae die vasstelling van die **50ste dag / Pinksterdag,** aangesien die maande onderskeidelik **29 en 30 dae** duur.



Die kort **donkermaan-week** van onderskeidelik een en twee dae <u>**beïnvloed nie** die vasstelling van die **50ste dag** nie, **aangesien die 50ste dag, die dag ná die 7de sabbat is.**</u> Mens tel dus 7 volle weke/ **7 sabbatte**, waarop die **50ste dag** volg.

Die **volle weke** hou verband met die **kwartiere van die maan** en is volgens Gen.1:14 en Lev.23, vaste tye.

**Elke maand moet ook met nuwemaan begin** soos vasgestel in Gen.1:14 en Ex.12,

En bevestig in:



**Num 28:11,14**


**11** En **by die begin van julle maande** moet julle 'n brandoffer aan die HERE bring: twee jong bulle en een ram, sewe jaaroud lammers sonder gebrek; ........

**14** En hulle drankoffers moet wees 'n half-hin wyn vir 'n bul en 'n derde van 'n hin vir 'n ram en 'n kwart-hin vir 'n lam. Dit is die brandoffer by elke **nuwemaan, vir die maande van die jaar.**

Hieruit is dit duidelik dat hulle 'n spesifieke brandoffer moes bring **by die begin van hul maande**, wat die brandoffer moes wees by **elke nuwemaan, vir die maande van die jaar.**



**Dit is dus 'n uitgemaakte saak dat elke maand met Nuwemaan begin.**




**Die nuwemaan, as eerste dag van die maand is logies dan ook die eerste dag van die week.**

Die **rede** waarom ek dit kan sê is omdat:

- die **eerste- en die sewende maand** verseker so begin het,
- en die **kalender wat met die Exodus in aanvang geneem het** se daterings van gebeure later in die Skrifte, telkens na **dae** van **maande** verwys, waarvan die **telling** uit die aard van die saak **met nuwemaan begin het**. Die **7de dae** vanaf elke nuwemaan was noodwendig **sabbatte.**

Die volgende Skrifgedeeltes bevestig dat die begrip wat algemeen met maand vertaal is, nl. kho'-desh en die maan yehrakh met mekaar verband hou:

**a.** In die vierde jaar van koning Salomo se termyn, vier honderd en tagtig jaar na die Exodus, is die fondasie van die tempel gelê. Dit was in die maanmaand [yehrakh] Sif. Let op dat die maand Sif in die aanhaling hieronder met die maand [kho'-desh] in verband gebring word, en inskakel by Ex.12 waar daar by wyse van die begrip nuwemaan [kho'-desh], ook na 'n maanmaand verwys word.


**1Kon.6:1,37-38**
**:1** En in die vier honderd en tagtigste jaar ná die uittog van die kinders van Israel uit Egipteland, in die vierde jaar van Salomo se regering oor Israel, in die **maand** *[yehrakh]* **Sif**—dit is die **tweede maand** *[kho'-desh]*—het hy die huis vir JaHWeH gebou.
**:37** In die vierde jaar is die fondament van die huis van JaHWeH [die HERE] gelê, in die **maand** *[yehrakh]* **Sif**,
**:38** en in die elfde jaar, in die **maand** *[yehrakh]* **Bul**—dit is die **agtste maand** *[kho'-desh]*—was die huis voltooi in al sy dele en volgens al sy vereistes, sodat hy sewe jaar daaraan gebou het.

**b.** **1Kon.8:2** En al die manne van Israel het by koning Salomo op die fees vergader in die **maand Étanim** *[yehrakh]*, **dit is die sewende maand** *[kho'-desh]*.

**2Kron.7:9-10**
**:9** En op die **agtste dag** ***[22ste]*** het hulle 'n feestyd gehou, want die **inwyding van die altaar** het hulle **sewe dae lank** gevier en **die *Hutte*-fees sewe dae lank.**
**:10** En op die **drie en twintigste dag van die sewende maand** *[kho'-desh]* het hy die volk na hul tente laat gaan, verheug en vrolik van hart oor die goeie dinge wat JaHWeH aan Dawid en aan Salomo en aan sy volk Israel gedoen het.

| |
|---|
| Hiermee is bevestig dat die datums waarna gebeure in die Ou-Testament verwys, verband hou met die begrippe *[kho'-desh] en yehrakh* wat onderskeidelik nuwemaan en maand beteken. |

Let op dat volgens 2Kron.7 die inwyding van die Tempel sewe dae geduur het en die Huttefees sewe dae geduur het.



Dit beteken dat hulle die **week** vanaf die **8ste tot die 14de** die inwyding van die Tempel [altaar] gevier het en die **week** vanaf die **15de tot die 21ste** die Huttefees gevier het.

**Trompettefeesdag** [Inwyding van die Tempel] **[Sewedaglange Huttefees]**


| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 01 | 02 | 03 | 04 | 05 | 06 | 07 | 08 | 09 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 | 21 | 22 | 23 | 24 | 25 | 26 | 27 | 28 | 29 | 30 |

8ste dag]

Dit stem ooreen met Lev.23:34-36 waarvolgens Israel in die 7de maand vir 7 dae die Huttefees moes vier, nl. vanaf die **15de dag tot en met die 21ste dag,** waarna 'n bykomende feesdag wat as die **8ste dag** bekend gestaan het, gevier is:

**Lev 23:34-36**
**34** Spreek met die kinders van Israel en sê: Op die **vyftiende** dag van hierdie **sewende** maand is dit **sewe** dae lank die Huttefees vir JHWH.
**35** Op die eerste dag moet daar 'n heilige vierdag wees; géén beroepswerk mag julle doen nie.
**36** **Sewe** dae lank moet julle aan JHWH 'n vuuroffer bring. Op die **agtste** dag moet daar vir julle 'n heilige vierdag wees, en julle moet aan JHWH 'n vuuroffer bring. Dit is 'n feestyd; julle mag geen beroepswerk doen nie.

Die **Huttefees** is soortgelyk aan die **Fees van Ongesuurde Brode** m.b.t. die **sabbatte** en die **dae van die maand** waarop dit geskied. **Die feeste van die 7de maand is weerspieëlings van die feeste van die eerste maand.** Dit kom daarop neer dat die 7de maand **die begin is van die tweede helfte van die jaar** met soortgelyke weke en feeste. Die **8ste dag** fees wat op die **22ste** plaasgevind het, was ook die **eerste dag** van die 4de week. Die volle betekenis daarvan sal myns insiens eers met die wederkoms van JaHHoWShuAh aan die lig kom en is soos die **22ste** Abib ook 'n **sabbaton**.





Met die 7de maand **wat met nuwemaan begin** het,

- het 'n nuwe **week** begin !!!!!!!
- en was die **7de dag die sabbat** van daardie week.

- Die **14de was die sabbat** waarop die weeklange inwyding van die tempel ten einde geloop het,
- waarna die Sewedaagse Huttefees geduur het vanaf die **15de** tot die **21ste**.
- Die **21ste** is volgens Lev.23:34 die 7de dag van die Fees
    - asook 'n veelvoud van 7 en daarom 'n volwaardige **7de dag sabbat.**

Die **sabbatte van die 7de maand** stem presies ooreen met die **eerste maand sin** en in terme van **Gen.1:14** moet die **vaste tye** herkenbaar wees aan die **son en maan as tekens daarvan**. Dit is nie toevallig nie **maar so verordineer**.

Die rede waarom hierdie aangeleentheid in die **fynste besonderhede** verduidelik word, is om die **aanhangers** van die **ononderbroke 7dag siklus** van die huidige sisteem toe te rus met die **Waarheid** wat vir soveel eeue **van ons ontneem** is en dit moeite en **goeie uiteensettings verg** om die 2000 jaar oue **dwaling** te bestry.





Omdat die **Sewende maand se weke** soortgelyk is aan die **Eerste maand sin**, is dit logies **dat al die maande van die jaar dieselfde** sal wees.

Weens die eeueoue **Babiloniese** manipulering is Skrifgelowiges geneig om 'n **ononderbroke siklus van 7dae te volg**, wat **nie korrek is** in ag genome **die wyse** waarop **Vader JHWH Sy tye vasgestel het nie**. Sou mens 'n **ononderbroke 7dag siklus** vanaf die einde van die **1ste week van die Oesfees probeer implimenteer**, sinkroniseer dit **nie met die 1ste dag en weke van die 7de maand nie**. 'n Ononderbroke **7dag siklus is dus nie haalbaar** in hierdie kalender nie.

<u>Die **ware sewedag siklus vind derhalwe binne die maand plaas** en **begin** opnuut met **elke nuwemaan**.</u>

Verder bevestig die aanhalings uit 1Kon.6 en 8 asook 2Kron.7, hierbo aangehaal, dat die **datums** van Ou- Testamentiese gebeure met die **maan** verband hou en dus op **nuwemaan** begin het. Daar is dus **nie sprake** van die hedendaagse **ononderbroke 7dag siklus** binne **Skriftuurlike** verband nie. Die instelling daarvan deur **Augustus en Herodus** bevat **geen** Skriftuurlike status nie.

Hiermee 'n parallelle kalender wat jaarliks uitgegee word.




Die **weke begin dus opnuut met nuwemaan** wat die begin van elke maand is. Dit verklaar die **onvolledige week** aan die einde van **elke maand.** Elke maand het dus **onderskeidelik een of twee skrikkeldae** of 'n **onvolledige week –** Lev.23:15 verwys na **volle weke,** wat **onvolledige weke** impliseer, **wat 'n Skeppings-realiteit is.**

Al die **geskiedkundige** daterings waarna tot dusver verwys is, is gebonde aan Ex.12. Lev.23, Num.28-29, Deut.16 en Gen.1:14.

- Dit beteken dat die **sewe volle weke van die Oesfees elk op 'n kwartier van die maan geëindig** het,
- en dat die **skrikkeldae nie in berekening** gebring kan word met die **bepaling van die 50ste dag nie**.
- **Die 50ste dag** is die **dag ná die 7de sabbat**. Die **7de sabbat** is die **14de dag** van die **3de maand** en is **volmaan.**
- Die huidige **ononderbroke sewedag siklus voldoen nie aan** die **Skriftuurlike** vereistes m.b.t. Gen.1:14, Ex.12, Lev.23, Num.28-29 en Deut.16 nie.

Hiermee 'n uiteensetting van die **eerste 3 maande** van die jaar ter illustrasie van die **sewe volle weke** van **die Oesfees** en die **daaropvolgende 50ste dag / Pinksterdag**. Alles in ooreenstemming met Gen.1:14.

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 Sat 21 Mar Son 22 Mar<br>**Nuwejaar Nuwemaand Nuweweek** | 2 Son 22 Mar Maan 23 Mar | 3 Maan 23 Mar Dins 24 Mar | 4 Dins 24 Mar Woens 25 Mar | 5 Woens 25 Mar Don 26 Mar | 6 Don 26 Mar Vry 27 Mar | 7 Vry 27 Mar Sat 28 Mar |
| 8 Sat 28 Mar Son 29 Mar | 9 Son 29 Mar Maan 30 Mar | 10 Maan 30 Mar Dins 31 Mar | 11 Dins 31 Mar Woens 01 Apr | 12 Woens 01 Apr Don 02 Apr | 13 Don 02 Apr Vry 03 Apr | 14 Vry 03 Apr Sat 04 Apr<br>Pasga Nagmaal |
| 15 Sat 04 Apr Son 05 Apr<br>SABBAT | 16 Son 05 Apr Maan 06 Apr<br>Fees van ongesuurde brode. Numeri 28:17-18 | 17 Maan 06 Apr Dins 07 Apr | 18 Dins 07 Apr Woens 08 Apr | 19 Woens 08 Apr Don 09 Apr | 20 Don 09 Apr Vry 10 Apr | 21 Vry 10 Apr Sat 11 Apr |
| 22 Sat 11 Apr Son 12 Apr<br>SABBAT | 23 Son 12 Apr Maan 13 Apr<br>Oesfees week 1. Levitikus 23:10-16 | 24 Maan 13 Apr Dins 14 Apr | 25 Dins 14 Apr Woens 15 Apr | 26 Woens 15 Apr Don 16 Apr | 27 Don 16 Apr Vry 17 Apr | 28 Vry 17 Apr Sat 18 Apr<br>**1ste sabbat** |
| 29 Sat 18 Apr Son 19 Apr | 30 Son 19 Apr Maan 20 Apr | | | | | **Maand 1** |

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 Maan 20 Apr Dins 21 Apr<br>**Nuwemaan Nuwemaand Nuweweek** | 2 Dins 21 Apr Woens 22 Apr<br>Oesfees week 2. Levitikus 23:10-16 | 3 Woens 22 Apr Don 23 Apr | 4 Don 23 Apr Vry 24 Apr | 5 Vry 24 Apr Sat 25 Apr | 6 Sat 25 Apr Son 26 Apr | 7 Son 26 Apr Maan 27 Apr<br>**2de sabbat** |
| 8 Maan 27 Apr Dins 28 Apr | 9 Dins 28 Apr Woens 29 Apr<br>Oesfees week 3. Levitikus 23:10-16 | 10 Woens 29 Apr Don 30 Apr | 11 Don 30 Apr Vry 01 May | 12 Vry 01 May Sat 02 May | 13 Sat 02 May Son 03 May | 14 Son 03 May Maan 04 May<br>**3de sabbat** |
| 15 Maan 04 May Dins 05 May | 16 Dins 05 May Woens 06 May<br>Oesfees week 4. Levitikus 23:10-16 | 17 Woens 06 May Don 07 May | 18 Don 07 May Vry 08 May | 19 Vry 08 May Sat 09 May | 20 Sat 09 May Son 10 May | 21 Son 10 May Maan 11 May<br>**4de sabbat** |
| 22 Maan 11 May Dins 12 May | 23 Dins 12 May Woens 13 May<br>Oesfees week 5. Levitikus 23:10-16 | 24 Woens 13 May Don 14 May | 25 Don 14 May Vry 15 May | 26 Vry 15 May Sat 16 May | 27 Sat 16 May Son 17 May | 28 Son 17 May Maan 18 May<br>**5de sabbat** |
| 29 Maan 18 May Dins 19 May | | | | | | **Maand 2** |

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 Dins 19 May Woens 20 May<br>Nuwemaan<br>Nuwemaand<br>Nuweweek | 2 Woens 20 May Don 21 May | 3 Don 21 May Vry 22 May | 4 Vry 22 May Sat 23 May | 5 Sat 23 May Son 24 May | 6 Son 24 May Maan 25 May | 7 Maan 25 May Dins 26 May<br>6de sabbat |
| | | | Oesfees week 6. Levitikus 23:10-16 | | | |
| 8 Dins 26 May Woens 27 May | 9 Woens 27 May Don 28 May | 10 Don 28 May Vry 29 May | 11 Vry 29 May Sat 30 May | 12 Sat 30 May Son 31 May | 13 Son 31 May Maan 01 Jun | 14 Maan 01 Jun Dins 02 Jun<br>7de sabbat |
| | | | Oesfees week 7. Levitikus 23:10-16 | | | |
| 15 Dins 02 Jun Woens 03 Jun<br>Pinkster<br>SABBAT | 16 Woens 03 Jun Don 04 Jun | 17 Don 04 Jun Vry 05 Jun | 18 Vry 05 Jun Sat 06 Jun | 19 Sat 06 Jun Son 07 Jun | 20 Son 07 Jun Maan 08 Jun | 21 Maan 08 Jun Dins 09 Jun |
| 22 Dins 09 Jun Woens 10 Jun | 23 Woens 10 Jun Don 11 Jun | 24 Don 11 Jun Vry 12 Jun | 25 Vry 12 Jun Sat 13 Jun | 26 Sat 13 Jun Son 14 Jun | 27 Son 14 Jun Maan 15 Jun | 28 Maan 15 Jun Dins 16 Jun |
| 29 Dins 16 Jun Woens 17 Jun | | | | | | Maand 3 |

**Pinksterdag**, is derhalwe die **1ste dag** van die **3de week** van die **3de maand.**

Die aannames:

- Dat **daterings** in die Skrifte met die **maan verband hou,**
- dat die **nuwemaan** telkens ook die begin van 'n **nuwe week** is
- en dat die **een of twee dae** aan die einde van elke maand, **skrikkeldae** of 'n **onvolledige week** is en **nie in aanmerking kom** vir die bepaling van **die 50ste dag** nie

is nou Skriftuurlik verantwoord.


- **Die maande en weke begin met nuwemaan**
- **en die sewe volle weke van die Oesfees eindig almal op sabbatte wat aan die kwartiere van die maan uitgeken word.**



- **Dit is in ooreenstemming met Gen.1:14.**

Die **begin** van die **Oesfees,** asook **Pinksterdag** se **datum** is hiermee **Skriftuurlik vasgestel** en is dit **'n feit** dat die **Gregoriaanse** vasstelling van **Goeie Vrydag, Hemelvaart en Pinkster** se datums, **verkeerd** is en neerkom op die **feesdae** wat Vader JHWH haat en waaraan Hy 'n einde aan gaan maak.

**Terloops! Pinkster** is ook die **geboortedag van JaHHoWShuAh.**




**Jupiter** het op 11 Sept. 2vM 'n **belyning** met **Regulus gevorm** op die **dag** waarop die **Engel** vir **Miriam [Maria]** besoek het – **Luk.1:26-36.**

**Regulus** is die **helder ster** in die **Leeu Konstilasie. Jupiter** het toe vir die daaropvolgende **279 dae [9 maande - swangerskap]** in die **Leeu sterrebeeld** vertoef.




Intussen het **Venus** in die **Leeu sterrebeeld** inbeweeg en op **Pinksterdag 'n belyning met Jupiter gehad wat as die ster van Bethlehem bekend staan.** Dit was **17 Junie in die jaar 1vM.**

Dit is wat **bedoel word** met **Gen.1:14** se **Vaste Tye** waarvolgens die **sterre** ook **saam** met **die son en maan** 'n rol moet speel. **Dit is nie al nie!** Die **eerste belyning** was op **nuwemaan** van die **sesde maand en JaHHoWShuAh se geboorte op Pinkster [volmaan]** van die **derde maand** van die volgende jaar**.**

**Sy hemelvaart** was op die **nuwemaan van die** 3de maand en **Hy** stel die **Nagmaal** in tydens die **laaste Pasga** op Donderdagaand **6 April 30nM. Dit was 'n volmaan aand. Die Slag van Bloedrivier-16 Des.1838 was op die donkermaan sabbat van maand 9. Toevallig?**

## 6) Die Trompettefees as Vaste Tyd.

**Lev.23:24-25**

**24** Spreek met die kinders van Israel en sê: In die **sewende** maand, op die **eerste** van die maand, moet dit vir julle 'n **rusdag** wees, 'n gedenkdag deur basuingeklank, 'n heilige vierdag.



**25** Géén beroepswerk mag julle doen nie; maar julle moet aan JHWH 'n vuuroffer bring.

Hierdie eerste dag van die 7de maand was 'n nuwemaan sabbat [Strong's 7677], en voldoen ook aan Gen.1:14.

**Dit herinner aan: Ps.81:4-5**




4 Blaas die basuin op **nuwemaan**, op **volmaan** vir ons **feesdag**.
5 Want dit is 'n insetting vir Israel, 'n verordening van die God van Jakob.
6 Hy het dit ingestel as getuienis in Josef toe Hy uitgetrek het teen Egipteland....

Die blaas van die basuin op die **nuweaan- en volmaan feesdae** is volgens die Psalmskrywer ingestel tydens die **Exodus**, toe Israel **bevry is van slawerny** – Ps.81:7.

Dit **bevestig** dat **nuwemaan en volmaan feesdae** is, soos tot nou toe aangedui en aangehaal is. Dit **bevestig** dat die **feestye**, die **weke** en die **fases** van die maan, **hand aan hand gaan**.

Die **Trompette feesdag** is in terme van Lev.23:2 'n **vaste tyd**, wat volgens Gen.1:14 met die **son en maan as tekens** in verband moet staan en **voldoen in alle opdigte daaraan**. Lev.23:24-25 sluit aan by Ps.81:4-5 m.b.t. **die blaas van die basuin op nuwemaan** vir ons feesdag.


Die Trompette feesdag se **Skriftuurlike voorskifte**, is net soos al die ander feesdae **onlosmaaklik aan die son en maan verbind** en hiermee verduidelik.

## 7) Die Groot versoendag as vaste Tyd


**Lev.23:26-32**
**26** Verder het JHWH met Moses gespreek en gesê:
**27** Maar op die **tiende van hierdie sewende maand** is dit die **versoendag**. 'n Heilige vierdag moet dit vir julle wees; dan moet julle jul **verootmoedig** en aan JHWH 'n vuuroffer bring.
**28** En op daardie selfde dag mag julle **géén werk** doen nie, want dit is 'n **versoendag** om vir julle **versoening** te doen voor die aangesig van JHWH julle El [God].
**29** Want elkeen wat hom op daardie selfde dag **nie verootmoedig nie**, moet uit sy volksgenote **uitgeroei** word.
**30** Ook elkeen wat op daardie selfde dag **enige werk doen**, dié siel sal Ek **uitroei** onder sy volk uit.
**31** **Julle mag géén werk doen nie**; dit is 'n ewige insetting vir julle geslagte in al julle woonplekke.
**32** 'n Dag van volkome rus moet dit vir julle wees, en julle moet jul verootmoedig. Op die negende van die maand in die aand, **van aand tot aand, moet julle jul sabbat hou**.

Hierdie dag as **tiende dag** vanaf die nuwemaan -

01 02 03 04 05 06 07 08 09 **10** 11 12 13 14 15 16 17 18 19 20 21 22 23 24 25 26 27 28 29 30




**herinner aan die 10de dag van die 1ste maand** waarop die lam ingebring moes word en vir 3 dae ondersoek is sodat net die lammers sonder gebrek geslag kon word.




JaHHoWShuAh het op die **10de dag van die 1ste maand** op 'n esel in Jerusalem ingery en is toegejuig – Hosanna! Daarna **is Hy as Lam** deur die owerstes **ondersoek** en op die **14de gedood.**



Op die **10de dag van die 7de maand** moet jy jouself ondersoek en jou foute bely en jouself tot niks maak- JaHWeH jou Elohijm verhoog **– jou voor Hom verootmoedig**.

Die 10de dag duur vanaf die **aand** waarop die 9de dag ten einde loop tot en met die **aand** waarop die 10de dag ten einde loop. Dit bevestig dat 'n **kalenderdag** duur van **sononder tot sononder** en voldoen derhalwe ook aan die vereistes van Gen.1:14. Soos wat die dag van die nuwemaan **met sononder begin** waarna dit nag word, is "**die aand**" van elke dag die aand waarmee dit begin **en duur elke dag van aand tot aand** soos neergelê vir die Versoendag. Indien die **vertalers**, van hierdie kalender **hiervan bewus was**, sou die Skrifte **beter vertaal gewees het** en sou **verkeerde vertolkings** m.b.t. die kalender nie bestaan het nie en sou ons as volk nie so mislei en verdeeld gewees het nie.

Hiermee is die **Groot Versoendag** ook as **Vaste Tyd** met Gen.1:14 en Lev.23:2 in verband gebring.


## 8) Die Huttefees as Vaste Tyd

**Lev 23:34-36**
**34** Spreek met die kinders van Israel en sê: Op die **vyftiende dag** van hierdie **sewende maand** is dit **sewe dae** lank die **huttefees** vir JHWH.
**35** Op die **eerste dag** *[15de]* moet daar 'n heilige vierdag wees; **géén beroepswerk** mag julle doen nie.
**36** **Sewe dae** lank moet julle aan JHWH 'n vuuroffer bring. Op die agtste dag moet daar vir julle 'n heilige vierdag wees, en julle moet aan JHWH 'n vuuroffer bring. Dit is 'n feestyd; julle mag **geen beroepswerk** doen nie.

**[ 7 Dae Huttefees ]**

01 02 03 04 05 06 07 08 09 10 11 12 13 14 **15** 16 17 18 19 20 **21** 22 23 24 25 26 27 28 29 30


Agtste dag



Die Huttefees moet gevier word gedurende die 3de week van die 7de maand.

Dit moes die volk herinner aan hul tentwonings tydens hul woestynverblyf.

Die **Weeklange Huttefees korrespondeer** presies met die **Feesweek van Ongesuurde Brode** van die **eerste** maand.




Dit bevestig dat -

- die **weke opnuut met nuwemaan begin**
- en dat die **sabbatte op die kwartiere** van die maand is.

Die **8ste dag** as fees en rusdag van die Huttefees, wat ook die **1ste dag** is van die 4de week is, is as rusdag **soortgelyk** aan die **1ste dag van die Oesfees.**

**Hiermee is die Huttefees ook in verband met die Vaste Tye van Gen.1:14 en Lev.23:2 gebring.**

## II. Getuienis van hierdie kalender in die Nuwe Testament

### a) Handelinge 20:6-7,16.

Die vernaamste verwysing na die toepassing van hierdie kalender in die Nuwe Testament, vind mens in Handelinge:

**Hand.20:6,7,16**
**6** Maar ná *[**gedurende - G3326**]* die dae van die ongesuurde brode het ons van Filíppi uitgeseil en binne **vyf dae** by hulle in Troas gekom waar ons **sewe dae** deurgebring het.
**7** En **op die eerste dag van die week** *[**sabbaton G4521**]*, toe die dissipels vergader het om brood te breek, het Paulus hulle toegespreek, omdat hy die volgende dag sou vertrek en hy het sy rede gerek tot middernag toe.
**16** Want Paulus het besluit om by Éfese verby te vaar, sodat hy nie in Asië tyd sou verloor nie; want hy het hom gehaas om, as dit vir hom moontlik was, op die **pinksterdag** in Jerusalem te wees.

Hieruit is dit **duidelik** dat hulle nog **die feeste herdenk het soos wat vereis word in Deut.16:16**.

Let egter op dat die begrip **"eerste dag van die week**" – G4521 soos aangehaal in Hand.20:7 in Grieks bekend staan as "**sabbaton**".

Dit beteken dat daar **'n eerste dag van die week** was met 'n **sabbatsinhoud**. Die **enigste 1ste dag** van die week in die tweede maand met 'n sabbatsinhoud, is **Nuwemaan**.

Die wyse waarop dit huidig vertaal is maak nie sin nie, aangesien die telling van 5 en 7 dae as aanloop tot die 1ste dag van die week sabbaton, hulle heelwat later as die 1ste dag van die week [nuwemaan] sou laat vergader.


Die probleem lê daarin dat hulle **gedurende** die dae van die Ongesuurde Brode moes vertrek om op 'n 1ste dag van die week met 'n sabbatsinhoud te kon vergader.

Die vertalers het die begrip **gedurende** met **ná** vertaal. Dit is egter foutief, aangesien die begrip ter sprake se primêre betekenis **gedurende** is. Hiermee die definisie van die betrokke begrip:

**G3326**
Μετά, meta, met-ah'
A primary preposition (often used adverbially); **properly denoting accompaniment**; "**amid**" (local or causal); modified variously according to the case (genitive case association, or accusative case succession) with which it is joined; occupying an intermediate position between G575 or G1537 and G1519 or G4314; less intimate than G1722, and less close than G4862): - **after** (-ward),X that he again, against, among, X and, + follow, hence, hereafter, in, of, (up-) on, + our, X and setting, since, (un-) to, + together, when, with (+ -out). Often used in composition, in substantially the same relations of participation or proximity, and transfer or sequence.

Hulle vertrek **gedurende** die dae van Ongesuurde Brode, wat vir alle praktiese doeleindes op die 19de dag van die 1ste maand kon wees [sien kalender hieronder] – hulle kom binne 5 dae in Troase aan [23ste dag] en bly daar vir 7 dae [tot en met die 30ste dag van die 1ste maand] waarna hulle tydens die **nuwemaan** van die 2de maand [‘n **Sabbathon/ 1ste dag van die week sabbat**] vergader om brood te breek [gemeentelike samekoms en ete] en Paulus tot laat in die nag evangeliseer. Hierdie kalender het derhalwe gefunksioneer in JHHWSA se tyd.




**Die begin van die maande** was dae waarop die Israeliete **tradisioneel vergader het** om te offer, en waarop daar heelwat meer geoffer is as op die sabbat [Num.28:11-14].

**Dit was ‘n dag** waarop **soortgelyke handelinge** plaasgevind het as dié van die **sabbat**:

**2Kon.4:22-23**

**22** Daarop roep sy haar man en sê: Stuur tog vir my een van die dienaars met een van die eselinne, dat ek gou na die man van God kan gaan en terugkom.

**23** En hy sê: **Waarom gaan jy vandag na hom? Dit is geen nuwemaan of sabbat nie.** En sy antwoord: Wees maar gerus!

**Hierdie kalender was nog van toepassing** tydens en na JaHHoWShuAh en Sy disippels se lewe en het nie as wet verval, soos wat predikante en hul denominasies al vir eeue predik, nie! Die **wet is ewig** [Mat.5:17-20, Op.22:14-15], **so ook hierdie kalender**.

## b) Kolossense 2:16

**Kol 2:16 Laat niemand julle dan oordeel** in spys of in drank of met betrekking tot ‘n **fees of nuwemaan of sabbat** nie,

In hierdie aanhaling **moedig** Paulus die geadresseerdes aan om die eietydse aanslae te weerstaan m.b.t. hul Skriftuurlik gegronde eetgewoontes en hul onderhouding van die feeste soos in die Skrifte opgeteken, waarvan die **nuwemane en die sabbatte** die mees algemeen was. Hand.20:6,7 en 16 bewys reeds dat die **Fees van Ongesuurde Brode, nuwemaan en Pinkster** deur hulle onderhou is.

Op die oomblik het dit met ons gebeur waarteen Paulus ons voorsate teen gewaarsku het.

Ons is van ons **Skriftuurlike eetgewoontes en feeste en sabbatte ontneem** en is opgeneem in **Babilon en haar heidense gebruike,** waarvan die **huidige kalender** se **Saterdag- en Sondag sabbatte** binne konteks van hierdie aanbieding, die vernaamste is.

Met gesag profeteer Jes.66:23 en Eseg.46:1-6 van die **nuwemaan** en **sabbat**- en Sagaria 14:16-19 van die **Huttefees**, wat weer ingestel **sal word.**

## c) Die Wederkoms

Die **belangrikste** toekomstige gebeure m.b.t. die **son en die maan** as **tekens** van die **vaste tye** in ons **hedendaagse bestaan,** is dat juis die **son** en **maan** as **tekens geprofeteer** is wat **JaHHoWShuAh se wederkoms** vooraf sal gaan.

Petrus verwys in onderstaande aanhaling na die profesie volgens Joël 2, wat hy van mening was plaasgevind het op Pinksterdag.

**Hand.2:16-20**

**16** Maar dit is wat deur die profeet Joël gespreek is:

**17** En **in die laaste dae**, spreek God, sal Ek van my Gees uitstort op alle vlees, en julle seuns en julle dogters sal profeteer, en julle jongelinge sal gesigte sien, en julle ou mense sal drome droom.

**18** En ook op my diensknegte en diensmaagde sal Ek in dié dae van my Gees uitstort, en hulle sal profeteer.

**19** En Ek sal **wonders** gee bo in die hemel en **tekens** onder op die aarde, bloed en vuur en rookdamp.

**20** Die **son** sal verander in **duisternis** en die **maan** in **bloed voordat die groot en deurlugtige dag van JaHHoWShuAh kom.**

Hand.2:17 meld dat die gebeure wat die wederkoms vooraf sal gaan, sal plaasvind **in die laaste dae**.

Die apostels het egter gedink hulle beleef die laaste dae en het die oprigting van die koninkryk van die hemele verwag soos opgeteken is in hul afskeidsgesprek in:

**Hand.1:4** En toe Hy nog met hulle saam was, het Hy hulle bevel gegee om nie van Jerusalem weg te gaan nie, maar om te wag op die belofte van die Vader, wat julle, het Hy gesê, van My gehoor het.

:5 Want Johannes het wel met water gedoop, maar julle sal met die **Heilige Gees gedoop word** nie lank ná hierdie dae nie.

:6 Die wat bymekaargekom het, **vra Hom toe** en sê: Here, gaan U **in hierdie tyd** die **koninkryk** vir **Israel weer oprig**?

:7 En Hy antwoord hulle: Dit kom julle nie toe om die tye of geleenthede te weet wat die Vader deur sy eie mag bepaal het nie;

:8 maar julle sal krag ontvang wanneer die **Heilige Gees** oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaría en tot aan die uiterste van die aarde.

:9 En nadat Hy dit gesê het, **is Hy opgeneem** terwyl hulle dit sien; en 'n wolk het Hom voor hulle oë weggeneem.

Terloops! Alhowel die Gees oor hulle vaardig geword het, het die **wederkoms** egter **nie plaasgevind** soos hulle verwag het nie- Hand.1:4-11, en was hulle nog nie Sy getuies in "Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaría en tot aan die uiterste van die aarde." Daar moet dus meer as een uitstorting van die Heilige Gees wees. Daar is!

Beide is geprofeteer in Jer.31:31-33, waar die Nuwe Verbond met die Huis van Juda [vers 31] plaasgevind het soos hierbo beskryf. Dit moet nog met die *hele* huis van Israel gebeur, soos in vers 33 beskryf, asook volgens Joël 2, Eseg.37 en Mat.24:29-30.

Wat binne konteks van hierdie aanbieding van belang is, is dat die hemelvaart soos beskryf in Hand.1, plaasgevind het op die **nuwemaan** van maand 3 en dat die Heilige Gees uitgestort is op **Pinksterdag**, twee weke na **nuwemaan** op die **15de dag van maand 3**, die **dag na die sewende sabbat** van die **Oesfees**.

JaHHoWShuAh se **geboorte,** asook die **Wedergeboorte** [van Bo geboorte] vind op **Pinksterdae** plaas.

Alles in **ooreenstemming met die kalender** volgens Gen.1:14, Ex.12, Lev.23, Num.28&29 en Deut.16.

Gen.1:14 se **Vaste Tye bly van toepassing**, en sal ook met die **wederkoms van toepassing wees**.

Daar kan nie meer enige twyfel bestaan m.b.t. die rol van die **son** en **maan** as tekens vir die **vaste tye** nie.

**JaHHoSWhuAh se wederkoms en komende koninkryk is vaste tye** en is veranker aan hierdie kalender.

**Hierdie kalender sal weer in gebruik geneem word.**

## III. Hierdie kalender binne profetiese verband

Aanvullend tot die **profesie m.b.t. die wederkoms** wat reeds in die vorige hoofstuk behandel is, spreek die volgende Skrifgedeeltes vanself:

**Jes.66:23** En elke maand op die **nuwemaan** en **elke week op die sabbat** sal alle vlees kom om te aanbid voor My Aangesig, sê JHWH.

**Eseg.46:1-6**
**1** So sê Sy Majesteit JHWH [die Here HERE]: Die poort van die binneste
voorhof wat na die ooste kyk, moet gedurende die ses werkdae gesluit
wees; maar op die **sabbatdag** moet dit **oopgemaak word**; ook moet dit
op die **dag van die nuwemaan oopgemaak word.**
**2** En die vors moet deur die voorportaal van die poort van buite af
ingaan en by die deurpos van die poort gaan staan, en die priesters moet
sy brandoffer en sy dankoffers berei; en hy moet **aanbid** by die drumpel

van die poort en dan uitgaan; maar die poort moet nie gesluit word tot die aand toe nie.
**3** Ook moet die volk van die land **aanbid** voor die ingang van dié poort,
**op die sabbatte en op die nuwemane, voor die Aangesig van JHWH.**
**4** En die brandoffer wat die vors aan JHWH moet bring op die
**sabbatdag**, is ses lammers sonder gebrek en 'n ram sonder gebrek;
**5** en die spysoffer: 'n efa vir die ram; maar vir die lammers moet die
spysoffer wees wat sy hand kan gee; en 'n hin olie vir 'n efa.
**6** Maar op die dag van die **nuwemaan**: 'n jong bul sonder gebrek en ses
lammers en 'n ram—sonder gebrek moet hulle wees;

**Jer.31:35** So sê JHWH wie die **son** gee tot **'n lig oordag**, die ordeninge van die maan en van die sterre tot 'n lig in die nag; Wie die see in beroering bring, sodat sy golwe bruis, JHWH van die leërskare is Sy Naam:

**:36** As hierdie **verordeninge** voor My Aangesig **sal wyk**, spreek JHWH, dan sal **die nageslag van Israel ook ophou** om 'n volk te wees **voor My Aangesig** vir altyd.

Die feit dat die son, maan en sterre **nog bedags en saans lig gee**, en die **getye van die see veroorsaak**, beteken dat die **nageslag van Israel nog JHWH se volk is**, en dat die tersaaklike verordeninge [wette] van die son en maan **nog van toepassing is**, soos in hierdie aanbieding aan u voorgehou. **Enige Babiloniese aanspraak op die Skriftuurlike kalender en die sabbatte daarvan, is eiesinnigheid en daarom sonde.**

# IV. Samevattend


Volgens Gen.1:14 moet die **dae, jare en vaste tye** aan die hand van die **son** en **maan** uitgeken word.

## a) Dag en Nuwemaan


Die aanvang van die **1ste kalenderdag** van hierdie kalender asook die begin van die **1ste jaar** en die **begin van die 1ste maand- en week,** het volgens Ex.12:1-2 met 'n bepaalde nuweman plaasgevind. Die nuwemaan word **kort na sononder sigbaar** waarna dit ook in die weste sak.



- 'n **Kalenderdag** is een **omwenteling** van die aarde om haar eie as en duur van sononder tot sononder.



- Elke **dag** se **dagliglengte verskil** van die vorige en volgende dae en **elke dag se posisie** waar die son opkom en sak **verskil van mekaar** [Ps.19].





- Elke **dag** se **stand van die maan verskil** van die vorige en volgende **dag**.
-

**Die nuwemaan is 'n rusdag, 'n sabbaton- 'n spesiale sabbat**



- 'n aanbiddingsdag, soos die sabbat, [Jer.66:23]
- 'n dag van offers, soos die sabbat, [Num.28:9-14]
- 'n dag waarop die mense die priester besoek het, soos die sabbat. [2Kon.4:22-23].


## b) Jaar [Sonjaar]



'n Jaar is een **omwenteling** van die aarde om die son en begin en eindig by die **Maart ewening.**


Soos beskryf in Henog word die dae in die Noordelike halfrond daagliks langer vanaf die Maart ewening [lente ewening] tot en met die Junie sonstilstand en dan weer korter tot die September ewening en steeds korter tot die Desember sonstilstand wat die middel van die winter van die Noordelike halfrond is, daarna weer langer tot en met die Maart ewening en die sonjaar voltooi is.

# Die Sonjaar van Henog




Lente eweningsdag - Le
Somer sonstilstand - Ss
Herfs eweningsdag - He
Winter sonstilstand - Ws

## Die son se rol in die jaar




Elke dag se tydsduur wat die son skyn, verskil van die vorige dag en van die volgende dag.


## c) Maanjaar

Die Maanjaar bevat **onderskeidelik 12 en 13 maande**. Die nuwemaan **naaste aan die Maart ewening** is **nuwejaarsdag.**

Die 13de maand is 'n **skrikkelmaand** en staan bekend as die **2de 12de maand.** Die begin en einde van die jaar hoef **nie vooraf bereken** te word nie, so ook nie die aantal maande nie, aangesien dit in 'n siklus plaasvind- bekend as die Metoniese

siklus. Vader JHWH het dit so geskep- mens moet dit net leer ken en jou lewe daarvolgens inruim.

Die posisie van die maan en haar hoeveelheid lig, verskil elke dag.




Die **stand** van die **son** en **maan** bepaal hierdie kalender soos beskryf in o.a. Gen1:14-19, Ps.81:4-5, 104:19 en Jer.31:35-36.

Die **wette** verbonde aan die **son en maan** staan in verband met Israel se voortbestaan. Hierdie kalender is deel van die hemel en aarde en 'n vreugde om na te kom. Dit besing die **werke van Vader JHWH se hande** en getuig van Sy skepping:

**Jer.31:35** So sê **JHWH wat die son gee** tot 'n lig oordag, die **ordeninge** van die **maan** en van die **sterre** tot 'n lig in die nag; wat die **see in beroering** bring, sodat sy golwe bruis, **JHWH van die leërskare is Sy Naam**:
**36** As hierdie **verordeninge** voor **My Aangesig** sal wyk, spreek **JaHWeH**, dan sal die nageslag van Israel ook ophou om 'n volk te wees voor **My Aangesig** vir altyd.

## d) Die Sewendedag Sabbat en die Week.


Die weke duur 7 dae en word **uitgeken** aan die **stand van die maan.**



Eerste kwartier, volmaan, laaste kwartier en donkermaan vind almal plaas op **veelvoude van sewe** sedert nuwemaan. **Hulle is volwaadige sabbatte en weke.**

## e) Die Jaarlikse Feeste

Die Fees van Ongesuurdr Brode, asook die Fees van Weke [Oesfees] en die Huttefees bestaan almal uit **weke** wat deur die **son** en **maan** as **tekens** daarvan bepaal word. Sien onderstaande diagram:




- Pasga is op **volmaan**.
- Die Feesweek van Ongesuurde Brode en Huttefees se 7de dae is op **laaste kwartier** – die 21ste dae van hul maande.
- Die Oesfees se sewe **volle weke** eindig elkeen op 'n **kwartier van die maan** binne die maand.
- Trompette Fees is op **nuwemaan**.

**Alles in ooreenstemming met Gen.1:14-19 en Lev.23:2**

## V. Slot:

**Dit is jammer dat hierdie inligting nie meer deel uitmaak van ons algemene kennis nie.**

Die 4de Gebod vereis van ons **om die Sabbat wat Vader geseën en geheilig [afgesonder] het, na te kom**. Hierdie **sabbat** volg op die **ses voorafgaande dae** wat aan die hand van **die stand van die son en maan** vasgestel moet word. Die **7de dag** kan dus nie vasgestel word sonder om die **eerste dag vas te stel nie**.

**Ex.20:8** Gedenk die **sabbatdag**, dat jy dit heilig.
**9** Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen;
**10** maar die **sewende dag** is die **sabbat** van die HERE jou God; dan mag jy géén werk doen nie—jy of jou seun of jou dogter, of jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou vee of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie.
**11** Want in ses dae **het JHWH die hemel en die aarde gemaak**, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het JHWH die **sabbatdag** geseën en dit geheilig.

01 02 03 04 05 06 **07** 08 09 **10** 11 12 13 **14** 15 16 17 18 19 20 **21** 22 23 24 25 26 27 **28** 29 30

Die volk het egter afgedwaal en tydens ballingskap is **feestyd en sabbat vergeet** –

- **Klaagliedere van Jer.2:6**

  Wau. En Hy het sy eie omheining soos 'n tuin verniel, Sy eie feesplek verwoes; JaHWeH het in Sion **feestyd en sabbat laat vergeet**, en in Sy grimmige toorn **koning en priester verwerp.**

JHWH het ook deur Jesaja en Hosea tot die volk gespreek m.b.t. **nuwemane** en **sabbatte** wat Hy **haat** en nie deur **Hom beveel** is nie-

> **Jes.1:14** **Julle nuwemane** en **julle feestye haat My Siel**; hulle is My 'n oorlas. Ek is moeg om dit te dra.
>
> **Hos.2:10** En Ek maak 'n **einde** aan al **haar vreugde**, **haar feeste**, **haar nuwemane** en **haar sabbatte**, ja, aan al **haar feestye**.

Dit is nie dat Vader JaHWeH die **nuwemane** en **sabbatte** haat wat Hy ingestel het nie, maar Hy haat die nuwemane en sabbate wat die afkerige Israel aanhang en gaan 'n **einde** daaraan maak.

Vader JHWH se sabbatte en nuwemane, waarvan hierdie aanbieding spreek **is vas aan die skepping** – Jer.31:35-36. Die begin van maande [1 Jan, 1 Feb. ens] en sabbatte wat nie van die skepping getuig nie, is dit wat Hy haat.

**In die dae van Esra en Nehemia** het die volk terug gekeer vanuit die Babiloniese ballingskap en het die **priesters en die volk die wetboek van Moses opnuut ondersoek** en die **kalender** van vooraf **leer ken** en die Pasga en Huttefees gevier volgens die voorskrifte – Esra 7 en Neh.8.

Let op dat hulle op daardie stadium nie die feestye en sabbatte geken het nie, aangesien Vader **dit laat vergeet het** soos opgeteken in Klaagliedere van Jeremia, in wie se tyd Israel weggevoer is na Babilonië.

Dit beteken dat as mens feestyd en sabbat vergeet het, soos wat die geval met Israel was, hulle **die kalender** uit die **wetboek van Moses** kon **aanleer**,

**soos wat hierdie aanbieding van getuig.**

Die **sabbatte wat tans in die volk** aangehang word, **kan nie aan die hand van die Wetboek van Moses vasgestel word nie**. Hulle het met die **son** en **maan** as **tekens** van die **sabbat** **NIKS** in gemeen nie.

**Saterdag en Sondag** is die **maaksels** van die **Juliaanse kalender.**

Saterdag was die Romeinse- en Herodiaans Owerhede se sabbat van die tyd.

Daar was tydens JaHHoWShuAh se lewe **drie kalenders** in werking, nl.

1. die Romeine se Juliaanse kalender, waarvan **Saturnus** hul hoof god was en ook hul **1ste dag van die week rusdag** was volgens die **planitêre** week,
2. Die Herodiaans beheerde Sanhedrin kalender waarvan **Saturnusdag** hul **7de dag en sabbat** was,
3. Die **Israel kalender** waarvan hierdie aanbieding spreek – Luk.1:5-9, 23, 26, 36; Hand.20:6-7, 16; Kol.2:16.

Die voorskrifte volgens Gen.1:14-19 en die gepaardgaande **kalender wat aan Mosos beveel is**, is dit wat in hierdie aanbieding voorgelê is.

**Ex.31:13** Spreek jy met die kinders van Israel en sê: **Julle moet sekerlik My sabbatte onderhou**, want dit is 'n **teken** tussen **My en julle** in julle geslagte, sodat die mense kan weet dat Ek JaHWeH is Wie julle heilig.

Israel se **kalender** en **sabbatte** was dus uniek en het as **teken** gedien tussen JHWH en Israel as Sy volk. Die ander nasies het dit nooit ontvang nie [Ps.147:19-20].

Daar is vandag **nie 'n volk wat hierdie kalender volg nie**. Daarom kan ons in die woorde van Paulus sê dat die **skepping wag met reikhalsende verlange op die openbaarmaking van die kinders van JaHWeH**. [Rom 8:19].

Naas die Ou- en Nuwe Testament en Henog, getuig **Philo en Josephus** ook van hierdie kalender. Die **Dooiesee rolle** getuig hiervan asook die **Gregoriaanse kalender** se wyse waarop **Goeie Vrydag** [Hemelvaart en Pinkster] se datum mee vasgestel word, wat ál verwysing in die huidige bestel is wat na die **son** en **maan** as **tekens** verwys m.b.t. **dae**, **jare** en **vaste tye**. Wat die huidige "*maande*" aanbetref, **getuig** die numeriese waardes van September [7] tot Desember [10], **van hierdie kalender**. Dit is m.a.w. **nie so vreemd** as wat mens sou dink nie, net al lankal vergete.

Ek het gesoek, ek het gevind- aan JaHWeH die dank en ere !

**Hiermee is die kalender volgens Gen.1:14-19, Ex.12, Lev.23, ens. aan u verduidelik.**

**HalleluJaH !!!** Deur: Flip Swanepoel